Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Nazeem Sheik Ismail**
Direktoraat: Inrigtingsbestuur-en-beheer
Nazeem.sheik-ismail@westerncape.gov.za | 021 467 9367

Lêerno.: 26/2/1/5/ESM SOP
Verwysing: 20231115-9809

Omsendbrief: 0032/2023
Vervaldatum: Geen

Aan: Distriksdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Adjunkdirekteure, Distrikte se Veilige Skole-koördineerders, Veilige Skole se veldwerkers, Prinsipale en Beheerliggame

Kort opsomming: *Herhaling van Onderwysveiligheidsbestuur se Standaardbedryfsprosedure wat gevolg moet word ter verkryging van goedere en dienste vir Veilige Skole.*

**Onderwerp: Onderwysveiligheidsbestuur se Standaardbedryfsprosedure wat gevolg moet word ter verkryging van goedere en dienste vir Veilige Skole**

1. Hierdie omsendbrief herroep en vervang Omsendbrief 0023/2022, gedateer 13 Junie 2022.

2. Die doel van hierdie omsendbrief is om te herhaal hoe belangrik die Standaardbedryfsprosedure (SBP) van Onderwysveiligheidsbestuur (OVB) is wat gevolg moet word rakende die verkryging van dienste en goedere in Veilige Skole. Die SBP is as **Bylae A** ingesluit.

3. Die SBP van OVB rakende die verkryging van dienste en goedere vir Veilige Skole moet in werking gestel word omdat dit met nasionale Tesourie-instruksie No. 2 van 2019/2020, as **Bylae B** ingesluit, verband hou.

4. Die inhoud van die SBP van OVB moet met alle distriksamptenare van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD), wat beheerliggame, skoolveiligheidskomitees (SVK's) en personeellede insluit, gedeel word voordat enige fondse met ingang van 01 Januarie 2024 bestee word.

5. Die Distrikskoolveiligheidsbeampte moet 'n rooster by die WKOD se Hoofkantoor indien met besonderhede van vergaderings wat gehou moet word deur:

5.1 Die Hoof van Bestuur en Beheer met die kringbestuurder van die spesifieke distrik
5.2 Die Adjunk-hoofonderwyskundige met SVK's en verteenwoordigers van beheerliggame van die skole onder beskerming van die spesifieke distrik
5.3 Die kringbestuurder met prinsipale onder sy/haar bestuur.

6. Die volgende bewyse dat die aksie, soos in paragraaf 3 aangedui, voltooi is, moet ingedien word:
6.1 Briewe wat hierdie vergaderings byeenroep
6.2 Agendas vir hierdie vergaderings wat spesifiek aandui dat die SOP vir OVB wat gevolg moet word ten opsigte van die verkryging van dienste en goedere vir Veilige Skole, bespreek sal word
6.3 Behoorlik ondertekende bywoningsregisters
6.4 Bewyse dat dit deur die toepaslike Hoof van Bestuur en Beheer afgeteken is.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle toepaslike rolspelers.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-11-17